

Weergawe	Afkorting	Datum	Leesbaarheid	Voorbeeld	Tipe vertaling	Aantekening
1933/53-vertaling	1933/53-vertaling	1933 hersien in 1953	Relatief moeilik, outydse dog poëtiese taalgebruik. Soms onnatuurlike uitdrukkings uit grondtale.	In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. (Gen. 1:1-2)	Woord vir woord Letterlike vertaling	<ul style="list-style-type: none"> <li>Eerste volledige Bybel in Afrikaans.</li> <li>Uit oorspronklike tale vertaal.</li> <li>Poëties en beeldryk vertaal.</li> </ul>
1983-vertaling Nuwe Afrikaanse Vertaling	NAV 1983- vertaling	1983	Moderne taalgebruik. Redelik maklik leesbaar.	In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. (Gen. 1:1-2)	Dinamies-ekwivalente vertaling	<ul style="list-style-type: none"> <li>Uit oorspronklike tale vertaal.</li> <li>Hou rekening met die ontwikkeling van Afrikaans.</li> <li>Moderne tog waardige taalgebruik.</li> </ul>
Die Boodskap		2002 hersien in 2006	Gemaklike, moderne taalgebruik. Maklik leesbaar.	In die begin van alle tye het God die hemel en die aarde gemaak. Voor die skepping was alles eensaam en verlate. 'n Angswekkende donkerte het oor die bodemlose dieptes gehang. En 'n ongelooflike sterk wind het heeltyd oor die waters gewaai. (Gen. 1:1-2)	Parafrase	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nuut vertaal vanuit die oorspronklike tale.</li> <li>Insiggewende inleiding by elke Bybelboek.</li> <li>Moderne, gemaklike taal.</li> </ul>
Die Multivertaling Bybel	MVB	2004	Ten spyte daarvan dat alternatiewe vertalingsmoontlik- hede in rooi tussen hakies gegee word, is die teks redelik maklik leesbaar.	<u>In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal (In die begin toe God die hemel en die aarde geskep het, was die aarde geheel en al) onbewoonbaar (chaos)</u> , dit was donker op die <u>diep waters (diepsee)</u> , maar die <u>Gees (Wind/Teenwoordigheid)</u> van God het oor die waters gesweef. (Gen. 1:1-2)	Dinamies-ekwivalente vertaling met alternatiewe vertalings bygevoeg.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Teks van 1983-vertaling met alternatiewe vertalingsmoontlikhede in rooi tussen hakies.</li> <li>Elke Bybelboek bevat 'n kompakte inleiding asook 'n sketsplan met belangrike inligting, soos die doel van die boek, agtergrond, fokus, ontstaanstyd, belangrike karakters en die skrywer daarvan.</li> <li>'n Unieke kruisverwysingsstelsel <ul style="list-style-type: none"> <li>Nog hieroor in hierdie boek</li> <li>Nog hieroor in ander boeke</li> <li>Aanhalings uit of toespelings op die Ou Testament in die Nuwe Testament</li> <li>Parallelt tekste</li> </ul> </li> <li>Agt volkleurkaarte.</li> </ul>
Nuwe Lewende Vertaling	NLV	2006	Hedendaagse taalgebruik. Maklik leesbaar.	In die begin het God die ganse heelal gemaak, die hemel daarbo en die aarde hieronder. Maar die aarde was 'n vormlose, onbewoonbare massa, en die diep waters was	Balans tussen dinamies-ekwivalente benadering en Skrifgetrouheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die teks is nuut vertaal uit die oorspronklike tale.</li> <li>Voetnote om verstaan van teks te vergemaklik – gee addisionele inligting en alternatiewe vertalings.</li> <li>Poëtiese gedeeltes in poëtiese styl geset.</li> <li>Agt volkleurkaarte.</li> </ul>

				toegevou in duisternis. Tog het die kragtige, skeppende Gees van God oor die oppervlakte van die water gesweef. (Gen. 1:1-2)		
Die Bybel vir Dowes	ABD	2007	Doofgerigte Afrikaans. Eenvoudige, direkte taal sonder om die betekenis van die oorspronklike tekste aan te tas.	Alles het begin toe God die hemel en die aarde gemaak het. Daar was niks op die aarde nie, niemand kon daar woon nie. Daar was net 'n groot see, en dit was baie donker. Die Gees van God het oor die water beweeg soos 'n sterk wind. (Gen. 1:1-2)	Dinamies-ekwivalente vertaling wat gerig is op Dowes en gehoorgestremdes wat van gebaretaal gebruik maak	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die eerste Bybel ter wêreld wat uit die brontekste vir dowes vertaal is.</li> <li>• Groot aantal voetnote om moeilike begrippe en woorde te verduidelik.</li> <li>• Gee Bybelse begrippe op eenvoudige wyse weer sonder om die diepte van die begrippe in die oorspronklike teks prys te gee.</li> </ul>